Tema: Kyk met liefde na die verlore wêreld en deel die Skat van die evangelie

Vooraf sang
Sb 2 – 4: 1,2
Sb 4 – 6: 1

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 10 – 1: 1,2 (alternatiewe mel)
Votum
Seën
Loflied Sb 18 – 1:1,2,
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Matteus 9: 27 – 10: 15
Teks: Matteus 9: 36 - 38
Sing Sb 9 – 4: 1,4
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Liefdegawe
Gebed vir BnB
Sing Ps. 72 – 1: 6,7,10 (mel Ps. 65)
Wegstuurseën
Sb 12 – 2.

Geliefde brs, srs en kinders

In watter lig beskou jy die mense rondom jou? Sien jy jou eggenoot, jou kinders, jou vriende, bure, werksmense, kliente, die bedelaar by die voordeur maar net as mense wat jou dag vol maak en wat jy elkeen van die eis van die omstandigheid moet hanteer? In die huis gaan dit maar oor die alledaagse dinge wat ons bestaan noodsaak. Met vriende gesels ons lekker oor rugby en alles waaroor vriende praat. Met die bure oor die koue weer en koeitjies en kalfies. Met kliente oor die pryse van handelsware en die bedelaar stop ek 'n geldjie in die hand om sy lot te versag.

Met watter gesindheid kyk ek na al die ellende wat ek rondom my waarneem? Dalk met die gesindheid: ag, dankie tog, dis nie ek nie, en ek vergeet wat ek gesien het. Sien ek verby die hardekwas werkgewer of die moeilike skoolkind se gedrag iemand met 'n intense geestelike nood? Sien ek hoe probeer Iemand wat my met kwade bedoelings hanteer, sy eie nood en hartseer daardeur probeer verbloem? Kan ek myself sover kry om iets te sê en meer nog te doen aan die geweldige nood van die wêreld rondom my?

Brs, en srs, hoe kyk ons na mense van hierdie wêreld? Sien ons hulle maar net as mense of sien ons hulle na hulle ware aard en behoefte. Naamlik: as mense wat ten diepste geestelike behoeftes het. Ja daar is ook fisiese nood wat aangespreek moet word, maar kyk ek verby die hande wat bedel na die hart wat met leegheid voor my staan? Wat beweeg binne in my as God so ’n mens met nood voor my kom neersit? Roer iets in my van God en sy liefde, of probeer ek so gou moontlik uit die situasie kom?

Die Heilige Gees het ons in ons Vlamvat navorsing gewys dat een van die redes waarom die kerk geestelik agteruitgaan is die feit dat daar by ons kerke ’n gebrek aan passie is om die nood van die wêreld aan te spreek. En ten diepste openbaar hierdie feit ’n gebrek aan liefde by die kerk vir die wêreld in nood.
Daarteenoor lees ons in Joh. 3: 16 dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy Seun gegee het sodat die wat in Hom glo nie verlore kan gaan nie, maar gered kan word. En wanneer Jesus dan hier op aarde sy werk kom doen – dan leer Hy ons van liefde, van passie om mense te red.

So kom sê die Here vanaand vir ons: Kyk met liefde na die nood van die wêreld en deel die Skat van die evangelie. Sorg dat jou hart reg is, want dan sal jou oog reg wees en jou hand reg doen.

Die Here Jesus is in hierdie gedeelte besig om rond te gaan en sy boodskap van verlossing aan die volk te verkondig. Dat Hy gekom het om hulle lewens te verander, om hulle vry te maak van die bande van die sonde en dat Hy hulle daarvan gaan verlos. En orals het Hy hierdie boodskap van verlossing bevestig en bewys deur die wonderwerke wat Hy gedoen het. Hy het die ware nood van die mense raakgesien. Die 2 blindes roep: Here, ontferm u oor ons!! Hulle glo in Hom en Hy help hulle. Die stom man begin weer praat. Jesus sien die nood en Hy help.

Op grond hiervan het die menigtes na Hom toe gestroom, want hulle het iets anders in sy oë en in sy hart gesien! En as die skares mense op Hom toesak dan lees ons: “En toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en moedeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.”
Die woord wat hier vir “jammer kry” gebruik word, is die sterkte woord denkbaar. Die Here Jesus se hart het versag met teder liefde. Sy hart het passievol in beweging gekom.

Die Here sien 'n mensdom, moeg en moedeloos in hulle geestelike soeke na verlossing, vasgevang in die greep van die duiwel en uitgelewer aan 'n wêreld soos skape sonder herder uitgelewer is aan die wolwe.

Hy sien die nood raak, Hy kyk op die regte wyse na die mense en in sy hart is daar die wil om hulle te help. Hy is dus gerig op die wêreld. Hy het juis vir hulle gekom. Op 'n ander keer vertel Hy 'n gelykenis van die hemel wat in ekstase is oor een skaap wat verlore was en gered is teenoor 99 wat dit nie nodig het nie.
Hy is hier vir die verlorenes.

En as Hy so na hulle kyk, met 'n diepe gevoel van jammerte en ontferming, dan sê Hy vir sy dissipels: “Kyk net hoe groot is die oes en hoe min is die arbeiders om hierdie oes in te samel” . En dan, onmiddellik na hierdie gebeure stuur Hy sy dissipels uit om in die lande te gaan werk en die oes in te samel.
Want die kerk is hier vir die wêreld – die kerk is hier om die verskriklike nood van die wêreld aan te spreek. ’n Kerk of gemeente wat nie besef en verstaan dat ons hier bestaan ter wille van die wêreld en ons onmiddellike gemeenskap nie – kan nie ware kerk wees nie en gaan dan geestelik dood.

Br, en sr, die kerk, u en ek, elke gelowige is hierdie “arbeiders” waarna die Here soek. Dit is ons wat die oes van die Vader moet gaan insamel. Dit is ons wat die geestelike nood van die wêreld moet raaksien, wat mense moet sien na hulle werklike behoeftes en met Woord en daad hulle in die Koninkryk van God inbring. Deur ons liefdevolle omgee, mat harte vol van empatie moet ons aan hulle die blye boodskap van verlossing verkondig en met ons dade ook hulle nood aanspreek.

Ons het immers self die liefde van God ondervind en ons weet wat verlossing en vergifnis beteken. Ons het die geskenk van geloof in Christus ontvang – gratis en verniet. Mee nog, ons weet hoe God in staat is om in enige situasie te help en te red. Hoe God liefdevol versorg en lei? Hoe kan ons dan na mense in nood kyk en die gesig wegdraai of ons verantwoordelikhede op allerlei maklike manier probeer afskud?

Ja, met watter oog kyk ek na die mens voor my? Dis juis die buurman, die vriend, die bedelaar, die kliënt en diesulkes wat ek as my akker moet identifiseer en waar ek my werk moet doen. Met hulle moet ek praat oor Christus en aan hulle moet ek my liefde betoon. Dan sal die oes ingesamel word en die kerke groei en die Koninkryk kom.

Die gemeente moet my toerus om dit te kan doen, hier word ek die waarhede van die Woord geleer sodat ek met ander daaroor kan praat. Hier skerp die Heilige Gees met liefde op, hier kan ek dit oefen, hier kan ek dit ontvang en so leer ek om dit uit te deel.

So sê die Here Jesus vir die dissipels as Hy hulle uitstuur om die evangelie te verkondig en die mense te help in Matt. 10: 8:”Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.”
Ons het dit verniet gekry. As ons dit besef, en weet wat ons daarsonder sou wees: dan sal ons nie anders kan as om deur die krag van die Gees dit alles uit te deel nie. Die Heilige Gees het iets van Jesus se sagte hart in ons gesit en nou kan ons nie anders as om op die nood van mense te reageer nie!

Jy sal dalk nou wil sê: maar ek kan nie met iemand anders praat oor die Here nie. Ek sal liefde gee en mense in nood help, maar praat kan ek nie. Br. en sr. hier is nog 'n belofte van die Here waarop ons gerus maar kan vertrou: “En as julle voor die mense kom, moet

julle nie bekommer oor wat julle sal sê nie, die Heilige Gees sal julle die woorde in die mond le.

Die arbeider wat met die reg oog kyk, die ware nood raaksien en sy of haar taak wil aanpak, is klaar toegerus. Dit gaan om wat ek in die hart het en nie om wat ek in my hande het nie. As die liefde van die Here my dring om mense te help en ek met die regte gesindheid die werk wil doen, dan sal God sorg dat daardie mens op die regte wyse gehelp word.

Die dissels het maar net geluister na die Here en hulle moes uitgaan en die Evangelie vertel. As u self met die Woord omgaan, gereeld lees, gereeld kerk toe kom om hier te luister, bid om wysheid en krag dan sal u kan praat.

Daarvan het baie lidmate al getuig: dat hulle in 'n situasie moes praat en verstom was oor hoe en wat hulle gesê het. Vertrou die Here – Hy sal die woorde gee. Baie keer is hierdie verskoning maar net 'n rookskerm om agter te skuil omdat ons nie die oesland wil werk nie.

Br en sr, hoe kan ek my oë, my hart en my hande toemaak vir die mens in nood? Wie van ons kan dit doen as ek vanaand opnuut weer besef: as dit nie vir God se liefde in Christus vir my was nie, dan was ek ook deel van die verlore skape, moeg en uitgeput.

Maar nou ken ek die Herder, ek ken sy Woord en sy liefde en daarom is my vrou, my kinders, my vriende, bure, my kliente en die bedelaar nie maar net 'n mens nie, maar iemand in nood, iemand wat ek kan jammer kry en EK moet hom/haar bring na die Herder sodat hulle ook kan deel aan sy Ryk.

Kyk dan met nuwe oë, deel uit met 'n nuwe hart en die oes sal inkom. As dit die gesindheid van die kerk is, dan sal die Here ook nuwe lewe in daardie kerk self bewerkstellig. Want sê die Here: dit is beter om te gee as om te ontvang. En wie gee sal meer as dubbeld terugontvang van wat jy gegee het.

Wanneer ons die lewe in Christus weggee, sal ons self in Christus lewe.

Amen